

# WENAKKER

NUUSBRIEF • NEWS LETTER

Matthew 2:10: "When they saw the Star, they rejoiced."

## REALITEITE IN LANDBOU REALITIES IN AGRICULTURE



Erenst en Annemarie Pelser

Dit is goeie nuus dat verskeie ekonomiese aanwysers positief begin draai en dat dit voorkom asof ons ekonomie verby die onderste keerpunt van die resessie is.

Agriculture and mining both impacted positively on the economy, (albeit the latter to a lesser degree). According to media reports, agriculture annually contributes 3-4% to the economy.

The reality is that if one adds to this the contribution of input suppliers and output processors, the indirect contribution of agriculture is closer to 25% of the economy. This confirms once again, the vast indirect contribution of the economy in the rural areas, to the economic growth rate and prosperity of our country.

Suid-Afrika is 'n netto uitvoerder van landbou-kommoditeite. Die meeste insette waarmee dié kommoditeite geproduseer word, word egter ingevoer. Die waarde van die Rand en internasionale kommoditeitspryse het

*Vervolg op bls.2*

SSK het 22 Agriland winkels wat gevestig is in die Wes-Kaap, Tuinroete, Langloof en Karoo. Vanuit ál hierdie streke is daar seuns wat leerlinge van Oakdale Landboukool is. SSK is trots op ons vennootskap met die skool en die Oakdale toutrekspanne.

Voorwaar trotse ambassadeurs vir ons streek!

## OAKDALE TOUTREK



Die Oakdale Touthrekspan en hul grootste ondersteuners.



Aksiel!

## SSK GHOLFDAE TE SWELLENDAM & UNIONDALE



Swellendam: V.l.n.r Izak de Vries, Danie Janse van Vuuren, Eddie Mathambo en Alex Nesimowski  
Foto's: Petro Heyneman



Swellendam: V.l.n.r Johan Rensburg, Neels Lourens, Johan Kok en Guihan Groenewald



Uniondale: V.l.n.r. Jaco Jonker (SSK Pakmateriaal), William Johnston (Wegelegen-boerdery), Harold Johnston (Huthamaki) en Gerhard Coetzee (SSK Pakmateriaal)  
Foto's: Piet Swart



Uniondale: V.l.n.r. Bobby Murray (Braams Motors), JJ Holtzhauzen (SSK Misgund), Francois van Zyl (Misgund Orchards) en Walter Rover (Louterwater-landgoed)



# REALITEITE IN LANDBOU REALITIES IN AGRICULTURE

Vervolg vanaf bls.1

dus 'n beduidende invloed op Suid-Afrika se landbou-voortuissigte. Die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) se voortuisskouing vir 2017-2026 is dat die landbousector se ongekende groei van die afgelope twee dekades verby is. BFAP voorspel 'n konsolidasiefase wat die werklike vlak van die sektor se mededingendheid en volhoubaarheid op die wêreld-verhoog deeglik gaan toets. Faktore soos produktiwiteit, ekonomie van skaal, toegang tot tegnologie/finansiering/inligting en markte, gaan in die volgende jare vir die boer meer tel as ooit te vore. Dieselfde geld ook vir landboubesighede, soos SSK, in die waardeketting.

Die vraag word dikwels gevra, is daar 'n toekoms vir kommersiële landbou? Die antwoord is "JA". Besteding aan voedsel sal altyd 'n belangrike deel van die ekonomie bly. Die mark vir landbouprodukte oorheers verbruikers-besteding in Suid-Afrika. Landbou gaan beslis nie verdwyn nie, ten spyte van die ernstige probleme in ons land. Landbouers wonder dikwels: "Belê ek of nie?" Belê jy nié, is die gevaar dat jy sal stagneer.

SSK as Koöperasie, sowel as die SSK Groep, het vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2017 'n rekord jaar gehad. SSK lede, direksie, bestuur en personeel het saamgewerk om hierdie uitsonderlike resultate te behaal. Ons bly nederig dankbaar aan ons Hemelse Vader vir al sy seëninge.

SSK se betrokkenheid by sy filiale en geassosieerde maatskappye is die gevolg van 'n voortgesette ingesteldheid


om besighede in die streeksgebaseerde landbouwaardeketting op te rig. Die kompeterende omgewing waarin SSK sake doen, vereis deurlopende vernuwing en uitbreiding om aan ons lede en kliënte se behoeftes te voldoen.

We thank our members and clients for their support during the past year and wish them and their loved ones a well-deserved and blessed Festive Season. We are looking forward to 2018, once again working together, to keep on winning together.

-Erenst Pelsner

## UIT TOEKA SE DAE

In die tagtigerjare is brandstof verhogings nog per telegram aan die Koöperasie gestuur! Die goeie ou dae toe brandstof nog bekostigbaar was.



## SSK KREDIETLEWENSVERSEKERING - NUWE TARIWE

Na suksesvolle onderhandelinge met Liberty Life en Seed Benefit Consulting kon SSK Versekering meer kompetende tariewe vir ons krediet-lewensversekering-skema beding.

Met die verandering in versekering-wetgewing was dit ook noodsaaklik vir SSK om te onderhandel vir 'n gekombineerde skema wat sal verseker dat alle SSK-lede se jaarlikse limiet op 'n voortgaande basis ten volle gedek is in geval van sterfte. Hierdie is moontlik gemaak deurdat SSK steeds 'n koöperasie in besigheidsvorm is.

Nie-lede wat ook van hierdie versekering gebruik maak se dekking word beperk tot die totale krediet blootstelling ten tyde van afsterwe.

Die onderstaande tariefstruktuur is sedert 1 September 2017 van toepassing vir alle nuwe lede, en alle bestaande lede sal met hul volgende hernuwing (wat jaarliks plaasvind) ook ouderdomsintervalle-tariewe geniet:

### Ouderdomsintervalle-tariewe

Ouderdomsintervalle	Tarief per R1,000 versekerde bedrag	
	Maandeliks	Jaarliks
18-34	0.238 c	R2.856
35-49	0.382 c	R4.584
50-80	0.629 c	R7.548

### WIE KWALIFISEER VIR DEKKING ONDER DIE POLIS?

1. Die persoon verantwoordelik vir die betaling van die SSK-rekening
2. Enige sleutelpersoon wat 'n versekerbare belang het, soos geïdentifiseer deur die sake-eienaar / landbouer. Hier kan 'n eggenote, kind, direkteur, ens. kwalifiseer onderworpe aan die bepalings en voorwaardes van die polis.

### WAT IS DIE PERK VAN DEKKING?

Dit word gebaseer op die jaarlikse kredietfasiliteite se limiet soos deur SSK toegeken aan die betrokke onderneming of individu, onderworpe aan die skema se medies bewys-vrye limiet (tans 'n maksimum van R14 miljoen).

### KONTAK DIE VOLGENDE VERSEKERINGSKANTORE VIR MEER INLIGTING:

Heidelberg Tel: 028 514 8711 of e-pos [anel.terblanche@ssk.co.za](mailto:anel.terblanche@ssk.co.za)  
Mosselbaai Tel: 044 601 1200 of e-pos [bettie.barnard@ssk.co.za](mailto:bettie.barnard@ssk.co.za)  
Swellendam Tel: 028 514 8794 of e-pos [carola.koekemoer@ssk.co.za](mailto:carola.koekemoer@ssk.co.za)  
Tel: 028 514 8784 of e-pos [abrie.jooste@ssk.co.za](mailto:abrie.jooste@ssk.co.za)



James Ackhurst: Old Mutual Insure 2017 Broker Awards. Gold Winner in the Agriculture Category.

# MICHAEL DIPPENAAR: BY UITSTEK 'N STRATEEG EN VISIONÊR



Ek kuier vroegoggend in November op Klippe Rivier by Michael en Hanneke Dippenaar. Die weervoorspelling belooft langverwagte reën en die oes is in volle swang. Die plaas, Klippe Rivier is in 2012 aangekoop en Michael en Hanneke was nou betrokke by die restourasie van die opstal en geboue. Met die intrapslag, raak 'n besoeker oorweldig deur die indrukwekkendheid van die huis, wat ook een van die oudste plaasgeboue in die land is en tot nasionale monument verklaar is. Die huis is in die verlede bewoon deur onder andere die Vrystaat Presidente Reitz en Steyn. Olive Schreiner het ook dikwels hier oornag. Michael wys my 'n ruit in die huis, waarop Pres Steyn se handtekening, wat destyds met 'n diamant op die glas uitgekerf is, nog duidelik sigbaar is.


Die MC Dippenaar-boerdery het einde 1974, toe Michael na sy universiteitstudies by sy pa, MC se boerdery aangesluit het, 1746 hektaar beloop en was hoofsaaklik gefokus op diere-produksie. Vandag het dit uitgebrei tot bykans 13 000 hektaar met die kernfokus op kontantgewasse.

Persoonlikheidskenmerke wat noodsaaklik is vir enige suksesvolle boer in Suid-Afrika, soos aanpasbaarheid, optimisme, energie, leergierigheid, versienendheid en dissipline beskik Michael verseker oor. Hy glo dat 'n boer 35 jaar tyd het om sy merk te maak. Hierna moet hy aanbeweeg en oorgee aan die volgende geslag, terwyl hy nog steeds betrokke kan bly by die besigheid en op 'n ander terrein 'n waardetoevoegende bydrae tot die besigheid kan maak. Getrou aan sy aard is hy baie opgewonde oor die feit dat al meer jong mense in Suid-Afrika landbou as 'n opwindende beroep sien. Dit is in teenstelling met jong mense in lande soos Australië en Kanada.

Sy seun Neethling se toetrede tot die boerdery lig hy uit as een van die groot redes vir hul sukses. Hulle bedryf hul boerdery in die Swellendam omgewing op 'n gediversifiseerde graanproduksiestelsel. Op hul Karooplaas, Quaggafontein, naby Britstown, is daar onder andere Merino en Tuli kuddes, asook springbokke en ander wild. Hy glo dat bewaringsboerdery die beste wapen teen klimaatrisiko is, aangesien dit die grond se waterhouvermoë verbeter, verdamping verminder en koolstof- en voedingselemente in die grond verbeter. Belegging in die nuutste tegnologie is onontbeerlik en "geen boer kan vandag dit bekostig om vanweë sentiment vas te klou aan die oue nie".

In 2015 is Michael en Neethling welverdiend aangewys as die Landboukrywers se Wes-Kaap Boerdery van die Jaar. Michael is ook die Voorsitter van Klipdale Boerdery (Edms) Bpk naby Napier, wat hulle saam met 3 ander SSK lede-boerderye gekoop het van 'n JSE genoteerde maatskappy. Ook hier is die instelling sterk gefokus op presisie-boerdery en bewaringsbewerking. Hy vertel opgewonde oor die korporatiewe strukture wat hulle hier in plek gestel het en die vrugte wat reeds gepluk word.

Michael is in Julie 1995 verkies tot die SSK Direksie waar hy vanaf Julie 2011 tot Julie 2017 as Voorsitter gedien het. Hy was dus



Hanneke en Michael Dippenaar by klein Hanneke, Joyle en JP Smit se dogtertjie. JP boer in die Aberdeen distrik en is ook 'n SSK lid.

nou betrokke by die totstandkoming en vestiging van al SSK se filiale. Hy vertel van die pionierswerk wat SSK gedoen het toe SOILL gevestig is en die harde bene wat aan die begin gekou is. Vandag is SOILL "selfs internasionaal bekend vir sy gesofistikeerde reeks produkte en dit is nog net die begin van groot dinge". Michael sonder ook die Tuinroete Agri transaksie in 2013 uit, wat volgens hom "waarskynlik die beste in sy soort nóg in Suid-Afrika was".

Michael is dankbaar vir die ondersteuningstelsel wat landbou-ondernemings soos SSK aan boere bied. "Ons is ontwikkelde lande soos Kanada op die gebied ver voor".

Michael se energie en passie vir die baie hooi wat hy op sy vurk het, is aansteeklik. SSK gaan nog baie van die voorvatter en raakvatter hoor.

- Annelie van Wyk



## SAB MALTINGS AWARDS



Frikkie Lubbe and David Hauxwell from AB-InBev and SSK member Thys Swart.



Frikkie Lubbe and David Hauxwell from AB-InBev and SSK member Wilmar Adams.



Frikkie Lubbe and David Hauxwell from AB-InBev and SSK member Schalk Viljoen.

Four SSK members were recognized for their achievements at the recent SAB Maltings awards function:

**Barley Producer of the Year** – Schalk Viljoen. Recognised for quality excellence in malting and brewing.

**Emerging Barley Producer** – Wilmar Adams. Ability to manage production cost, budget and income per hectare.

**Lifetime Recognition Award** – Thys Swart. Recognition for involvement in the barley industry and for providing a trial site for cultivar evaluation for more than 30 years. He continues to produce barley on an annual basis.

**Award for 'Significant Contribution'** – Heinrich Schönfeldt & Michael Dippenaar. Recognition for producing in excess of 5000t of barley during 2016.



# IAN DU PLESSIS

## (VERSEKERINGSADVISEUR: LANGKLOOF)

### VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ek het op Uniondale grootgeword en was daar op laerskool, maar omdat ek nie wou leer nie, het my ouers my in Hoërskool P.W. Botha en in die koshuis op George gesit. Seker onnodig om te sê toe leer ek glad nie! Ten spyte hiervan het ek darem matriek geslaag in 1984. Ek is die afgelope paar jaar 'n hubare man en die trotse pa van twee dogters, Jana 16 en Lara 12.

### WAT DOEN JULLE GRAAG?

Ons kamp graag saam en ry dikwels "quadbike" in die berge in Avontuur.

### KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

Ek was na Matriek eers vir die Junie Weermag-inname geloot. My pa sê toe ek moet maar gaan werk soek vir die 6 maande tot dan, want leeglê kan ek nie. My tweede stop dié oggend was by Volkskas Bank in Uniondale. Die Bestuurder vra net of ek Matriek het en vra my toe om die volgende oggend agtuur aan te meld en 'n das aan te hê.

Dit was my onderhoud! Ek het 10 jaar in die bank gewerk as aflosklerk en omtrent by elke Royal Hotel in die Wes-Kaap oorgeslaap. Ek raak toe so lief vir Uniondale en sy mense, dat ek 'n oorplasing as Rekenmeester na die Oos-Kaap weier. Nodeloos om te sê dit was toe die einde van my loopbaan in die bankwese. Ek het dus half per ongeluk in die versekeringsbedryf beland, maar my werk is so bevredigend, dat ek elke oggend opstaan en uitsien na die dag. Ek kom nooit saans knorrig of kwaad by die huis na 'n dag by die werk nie.

### WAT IS JOU GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE TOT OP HEDE?

Die grootste prestasie is dat ek weet ek maak 'n verskil aan my kliënte se besighede en hul lewens en dat ek my bes doen. My kliënte het my vriende geword en ons vertrou mekaar.

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Ek is baie positief oor SSK en my plek in die organisasie. Ek glo dat ons een van



die dae ook 'n versekering voetspoor in die Knysna/Plettenbergbaai area gaan hê. Intussen gee ek glad nie om, om ver te ry om kliënte te sien nie.

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET EN VAN WIE?

My suster Wilna sê altyd: "Moenie jou lewe "complicated" maak nie. Hou dit eenvoudig."

### IETS VAN JOU WAT NIEMAND WEET NIE?

Ek het van 1994 tot 1996 my eie kafee in Uniondale besit. Ek dank die liewe Vader dat dit nie gewerk het nie, anders het ek nou na "fish en chips" geruik.

## SSK VROUEDAE 2017

### HEIDELBERG



SSK  
VROUEES  
WORD BEHOORLIK  
GEVIER!

V.l.n.r: Celia Uys, Anchen Malherbe, Tillie Gildenhuys, Lindie Strydom, Annelize Uys en Marina Dippenaar

### UNIONDALE



Vrolik, feestelik en vroulik!



Emil Minnie het die gaste vermaak



## LANGDIENS ERKENNING

**25 JAAR:** Izak Oktober, Johan Stander

**20 JAAR:** Hanno Laufs

**15 JAAR:** Christopher Makok

**10 JAAR:** Nielen Kortje, Chris Hufke, Barend Plaatjies, Sandiso Mdlwa, Charlton Snyman, Wilhelm Murray, Gordon Fernol, Eldrieks Rossouw, Cora de Beer

## MASJEN-LOOPKOSTE -GIDS

Besoek gerus die SSK webblad by [www.ssk.co.za](http://www.ssk.co.za). Die gids is beskikbaar onder Landboudienste.

# BUILELEWE

# Agri Land

wenakker des 2017  
b15



**CAPRIVI**  
2 Dome Tent Nylon  
2.1m x 2.1m x 1.3m  
**439<sup>00</sup>**  
Elk 00301448



**TENTCO**  
Senior Gazebo  
3.0m x 2.8m x 2.3m  
**2049<sup>00</sup>**  
Elk 00300380



**TENTCO**  
Bundu Slaapsak 2.1m x 1m  
**449<sup>00</sup>**  
Elk 00301151



**TENTCO**  
Selfopblaas Matras  
190cm x 54cm x 5cm  
**489<sup>00</sup>**  
Elk 00301447



**TENTCO**  
Senior Wanderer  
Boog Tent  
3.0m x 3.0m x 2.2m  
**3299<sup>00</sup>**  
Elk 00300321



**LEISURE QUIP**  
Opvoubare Houer  
75cm x 45cm  
**144<sup>95</sup>**  
Elk 1517130



**PORTA POTTY**  
20L  
**759<sup>00</sup>**  
Elk 1526180



**HOME QUIP**  
Droograk  
7m  
**79<sup>95</sup>**  
Elk 00301446



**QUICKSERVE**  
Plastiese Kan  
met Kraan 10L  
**129<sup>95</sup>**  
Elk 1908130



**MOTO-QUIP**  
Nat & Droog  
Stofsuiwer 12v  
**279<sup>00</sup>**  
Elk 340351



**LEISURE QUIP**  
Opvoubare Piekniektafel  
750mm x 500mm  
**349<sup>00</sup>**  
Elk 00301445



PRYSE GELDIG VANAF 23 NOVEMBER TOT 30 DESEMBER 2017.  
PRODUKTE WAT NIE IN VOORRAAD IS BY U NAASTE TAK NIE, IS BESKIKBAAR OP BESTELLING.



# EUREKA MILLS

Indien "sterstatus" gemeet word aan blootstelling op televisie, dan het Eureka Mills van Karringmelksrivier, tussen Heidelberg en Swellendam dit verseker al lankal bereik. Vrydae-aande pryk die kenmerkende bruin Eureka "stone ground" meel verpakking gereed op "Jan Braai" en selfs op 7de Laan was daar al "Eureka" oomblikke gewees. Die land se top vakman bakkers twyfel nie dat Eureka se steengemaalde meel hulle eerste keuse is nie en "artisan" gebak is landwyd, fynproewers se voorkeur. Die hedendaagse verbruiker is ingelig en net die beste en gesondste opsies is goed genoeg.

Die geskiedenis van die meule strek terug na 1997 toe die Graanraad die prys van koring vasgestel en beheer het en deregulasie hierna die koringprys skerp laat daal het. Die enigste voordeel van hierdie harde slag vir koringboere was dat kleiner, privaat meulenaars vir die eerste keer steengemaalde koringmeel kon produseer. Lafras en Piet Uys, twee neefs wat boer by Karringmelksrivier, het op daardie stadium gaan kers opsteek by baanbrekers in die ontwerp van 'n doeltgemaakte Suid-Afrikaanse meule. Die res is geskiedenis.

Lafras vertel dat sy ma Mariëtte Uys die naam "Eureka Mills" voorgestel het, omdat dit 'n naam is wat universeel

herkenbaar is. Vir die Uyse weerspieël die naam ook die oomblik toe alles vir hulle in plek geval het en hulle waarde tot hulle produk kon toevoeg.

Nico Steyn, die meulenaar en Algemene Bestuurder is sedert 1999 aan boord. Hy praat met passie oor Eureka Mills se uitgebreide produkreeks wat op die rakke van al die vooraanstaande kettingwinkels, en natuurlik ons eie AgriLand pryk.

Nico het van kleins af in die kosbedryf belanggestel en wou selfs op 'n stadium 'n chef word. Hy vertel: "Ons waardestelsel by Eureka staan voorop: Verantwoordelikheid teenoor ons omgewing en die voorsiening van gesonde, natuurlike produkte is vir ons ononderhandelbaar. Dit is die kwaliteit van die meel wat die verskil maak. Egte steengemaalde meel, sonder al die goedkoop aanvullings, is gesond en goed vir 'n mens. Verbruikers wat met ons produkte bak, het nie die spysverteringsprobleme en gluten intoleransie wat met kommersieël gemaalde koring geassosieer word nie. Die natuurlike produk gee ook die brood 'n beter aroma en smaak. Dit is waarom Eureka Mills fokus op die entoesiastiese bakker daar buite en nie op die industriële mark nie. Eureka Mills se doelstelling is om elke verbruiker ingelig



Nico Steyn

te kry oor die uniekheid en kwaliteit van hul meel en produkte en sodoende 'n brood - en meel kultuur in Suid-Afrika te vestig waarop ons trots kan wees!"

Met my besoek is dit duidelik dat die jong en dinamiese werkerskorps van Eureka Mills, onder leiding van Nico, waarlik ambassadeurs vir hul spesialis en uitgebreide produkreeks is.

**Eureka, Eureka, hulle het dit!**

- Annelie van Wyk



## Eureka Mills

Tradisionele Steengemaalde Meel  
eurekamills.co.za

**Eureka Mills POTBROOD**

EASY HOME MIX  
Mak die Potbrood

**Eureka Mills VETKOEK**

EASY HOME MIX  
Mak die Vetkoek

**Eureka Mills ROOSTERKOEK**

EASY HOME MIX  
Mak die Roosterkoek

## TUISGEBAK IN 'N KITS

Eureka Meulens se nuwe EASY HOME MIXES is nou beskikbaar by SSK Agriland. Ideaal vir by jou braai of as jy ietsie vir die gaste wil voorsit. Probeer die Roosterkoek, Vetkoek of Potbrood vandag – daar is niks makliker nie.

# TOP 10 WYNE

## DER KELDERMEISTER

1. Van Loveren Pinotage
2. Van Loveren Sauvignon Blanc
3. Jakkalsvlei La Perlé Rosé
4. Beyerskloof Pinotage
5. 1659 Red Blend
6. Excelsior Purebred Red
7. Leopard's Leap Cabernet Sauvignon / Merlot
8. Van Loveren Neil's Pick Colombar
9. Jakkalsvlei Coffee Pinotage
10. Boplaas Stoepsit Sauvignon Blanc

## REËNVAL IN STREKE

	SEP	OKT
Aberdeen	0mm	29mm
Albertinia	27mm	24,3mm
Ashton	19mm	5mm
Avontuur	40,3mm	40,7mm
George	65mm	75,5mm
Heidelberg	19,5mm	25,5mm
Herold	24mm	14mm
Joubertina	10,6mm	32,4mm
Karringmelks	22mm	10mm
Knysna	64mm	85mm
Misgund	20,8mm	20,2mm
Mosselbaai	64mm	26mm
Protem	30mm	16mm
Plettenbergbaai	68mm	56mm
Riversdal	17mm	19,1mm
Swellendam	17mm	11mm



Die nuwe vulstasie by AgriLand Albertinia sal na raming vroeg in 2018 voltooi wees. Die nuwe brandstofpompe is reeds in gebruik.



Die nuwe SSK vulstasie by Heidelberg langs die N2, in wording.



Villiers van Veen aan die woord by die Summit Wildlife se veiling te Graaff-Reinet.



Summit Wildlife is situated in the heart of the Karoo Midlands. They are a group of game farmers who have pioneered the establishment of breeding herds of wildlife in this area formerly used for livestock. Many of these herds represent the very best in wildlife breeding, not only in the Karoo Midlands, but also further afield.



Dirk van Papendorp (SSK-voorsitter), sy vrou Retha, Annelie van Wyk (SSK) en haar man Fanie van Wyk.

## OESTYD!



Doornvlei Jerseys van Heidelberg ontvang hul nuwe New Holland TD5.100 FEL. V.l.n.r. Dupie du Plessis (SSK), Kobus - en Kosie van Deventer



Canola word gedors met New Holland CR 9080 stropers van Piet en Lafras Uys

# SSK SAADBESTELLINGS

Die SSK saadbestedings kommunikasie is reeds uitgestuur en beskikbaar op die SSK webblad by: [www.ssk.co.za/af/saad.html](http://www.ssk.co.za/af/saad.html)

Onthou asb die sperdatum van 1 Desember 2017 ten einde die regte saadbesteding te verseker. Skakel gerus vir Gerdus Steyn by 082 521 4515 indien daar enige navrae in die verband is.

# MENSE EN DINGE



Chris Bresler, Veldbemerker in die Langkloof en Karoo tree einde Desember af na 21 jaar in die Koöperasie. Chris is 'n legende wat 'n diep spoor laat. Ons wens hom en sy familie alles van die beste toe.



Die SSK Hengelklub se maandelikse kompetisie het 7 Oktober by Blombos plaasgevind. Die twee wenners van die dag was v.l.n.r Johan Delport met 'n galjoen van 2kg (grootste sak) en Gert Cronje met sy mosselkraker van 6.7 kg (grootste vis).



Hoe kan ons help? Anelda Burger en Carola Koekemoer by die SSK Gholfdag te Swellendam



Deurdringende reën het middel November in Swellendam geval. Foto: Chris Heyneman



Die Swellendam Krieketklub met lede van SSK Senior Bestuur: v.l.n.r. Marius Prince, Deran du Preez, Henk Schuurman (SSK), Mario Carelse, Adam van Wyk (SSK), Willy-John Januarie en James Deyers. Heidric Baatjies, SSK Veevoervoerders, is die trotse Kaptein van die Krieketklub



Langkloof Boeredag Oktober 2017: Marais Pienaar, Dirk van Papendorp, Erenst Pelser, Henning Gericke en Villiers van Veen



Span SSK by die Vodacom Celebrity Gholfdag. V.l.n.r. Stephen Keyser (Produsent Heidelberg), Gerdus Steyn (SSK), Jacques Kallis en Gavin Hume (Produsent Riversdal)



Ons bedank u vir u ondersteuning en wens u en u gesin 'n geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige nuwe Jaar toe.

We thank you for your support and wish you and your family a blessed Christmas and a prosperous new year.

## OPENBARE VAKANSIEDAE TYDENS DIE FEESSEISOEN: AGRILAND

Saterdag 16 Desember  
Versoeningsdag, 08:00-13:00

Maandag 25 Desember  
Kersdag, GESLUIT

Dinsdag 26 Desember  
Welwillendheidsdag, GESLUIT

Maandag 2 Januarie  
Publieke Vakansiedag, 08:00-13:00